

TIPPING POINT - ONDERWERPE VIR GEBED.

Hiermee gebed punte vanaf 05/08/2018

Inleiding.

Dankie, dat jy steeds saambid. Hiermee ons gebedspunte vir tydperk vanaf 5 Augustus 2018. Ons dateer die gebedspunte op, 1-2 weekliks, soos die Here ons lei.

Die punte is gerangskik dag vir dag sodat jy elke dag oor 'n verkillende onderwerp kan bid. Die uitsondering is die hofsaak 21 Augustus (sien onder) waaroor ons steeds daaglik voorbidding vra asb.

Daaglikse gebed: Hofsaak – selfde geslag huwelike (21 Aug) asook beoogde wetgewing oor haatspraak.

Hierdie punte raak alle kerke, en is van kritieke belang. Doen asb. moeite om daaglik vir hierdie hofsaak in te tree as dit enigsins kan.

- Ons bid dat God se wil sal geskied in die opkomende hofsaak oor selfde-geslag huwelike (**21 Augustus**)
- Bid vir die advokate, prokureurs en regter in die saak vir goddelike wysheid en beskerming.
- Bid dat daar nooit kompromieë gemaak sal word met die Woord van die Here nie.
- Haatspraak –bid teen elke stuk wetgewing wat beplan word om ons predikers lam te lê, en die gesag van God se Woord te ondermyn.

Uittreksel uit forsa.org.za webblad. (besoek gerus vir meer detail oor hofsaak)

“A very important case is being heard in the Pretoria High Court on 21st August 2018 which could potentially have dire implications for the autonomy of the Church – and indeed the broader religious community – in South Africa. This case has morphed into one which potentially challenges the ability of each denomination, church or religious grouping to set their own doctrine and to be entitled to govern their internal affairs according to their own interpretation of their religious doctrine. Should the Court agree with the CGE’s position, it will effectively mean that churches and religious organizations can be forced to adopt certain “politically correct” doctrinal positions, even if such positions go directly against their religious convictions and beliefs.” (In other words – The Word of God)

Maandag: Geweld en misdaad.

- Staan in die naam van Jesus Christus elke mag tee wat geweld en misdaad promoveer. Die vlak van brutaliteit en geweld wat misdaad vergesel is van so 'n vlak dat dit niks anders as demonies van oorsprong kan wees nie. Die Here gee ons 'n wapen – die Naam van Jesus Christus en krag van die Heilige Gees. (“Groter is Hy wat in ons is, as hy wat in die wêreld is” (1 Joh. 4:4). Ons pleit by die Here om ons land en sy mense genadig te wees en om ons te verlos van hierdie epidemie van geweld wat dreig om ons land te vernietig.
- Bid met geloof en verwagting en herinner die Here aan Sy beloftes (Jes. 62:6) soos bv. in Ps. 50.15 – “en roep My aan in die dag van benoudheid, Ek SAL jou uithelp en jy sal My eer...”
- Bly bid vir die **slagoffers** van misdaad / geweld, dat die Here, op 'n wonderbaarlike manier selfs die trauma van geweld ten goede kan en sal laat meewerk (Rom. 8:28).
- Bly bid vir die **misdadigers** en ons tronke – vir berou oor hulle bose dade, en bekering en terugdraai na God. Vra die Here om alle oordeel / haat teenoor misdadigers te vervang met die liefde wat net Christus kan gee. Elkeen wat bid sal goeddoen om te besef: “there but for the grace of God go I ...”

Dinsdag: Skole, Universiteite, Kolleges.

- “Die vrees van God is die begin van wysheid” (Spr. 9:10)
- Bid vir Christen onderwysers en lektore vir:
 - Bo-natuurlike wysheid.
 - Liefde vir hulle studente / leerlinge
 - Vrees vir God eerder as vir mense.
 - Beskerming teen diskriminasie / vervolging as hulle openlik Christus bely.
- Bid teen die gees wat ons skole en kolleges al hoe meer sekulêr wil maak.
- Bid vir elke leerling / student vir:
 - Ontvanklike harte vir die Woord en evangelie.
 - Beskerming teen verkeerde invloede en “bullying”
 - Beskerming teen onreinheid, verkeerde verhoudings, verkragting en pornografie.
 - Beskerming teen die mag en houvas van dwelms, alkohol.

Woensdag: Rassisme / rassehaat:

- Ons bely voor die Here die rassehaat en liefdeloosheid wat so ’n integrale deel was van ons land se geskiedenis. Ons vra die Here om die menslik onmoontlike te doen – om verkillende rassegroepe en velkleure Christus se liefde vir mekaar te gee.
- Vra om vergifnis indien jy self nog rassistiese gedagtes dink of uitlatings maak.
- Ons bly vra dat die Here in ons eie harte ’n besondere liefde en deernis vir alle rassegroepe sal gee.
- Bid spesifiek vir eenheid onder die gelowiges van elke bevolkings groep – sodat ons eenheid oor kleurgrense heen juis ’n getuienis sal wees vir ander.

Donderdag – Ekonomie.

- Ons vra die Here om ons land se ekonomie te seën sodat werk geskep kan word vir die miljoene werkloses.
- Ons bid vir arm mense / werklose mense.
 - Besef dis net God se genade as ons self genoeg het (1 Kor. 4:7)
 - Vra die Here vir ’n oop hand om te gee soos en waar die Heilige Gees lei (“*God loves a cheerful giver*” – 2 Kor. 9:7)
 - Ons pleit vir hulle wat nie werk of inkomste het nie, asof dit ons self is wat in daardie situasie sit (Heb. 13.3)
- Ons vra die Here om alle vorms van geldgierigheid, selfsug en hebsug uit Sy kerk te verwyder, sodat die kerk ’n vry hand sal hê om by te dra waar nood is (Jak 2:16).

Vrydag - Verkiesing 2019.

Ons bly intree vir 2019 se verkiesing:

- Vra dat die Here die regte kandidate na vore sal laat kom. Bid veral vir Christen partye en Christene wat politieke ampte beklee.
- Ons bid teen alle vorms van korrupsie. Ons vra die Here om korrupte politici uit te wys en te verwyder uit hulle poste.

- Ons bly bid vir ons broer in Christus Errol Naidoo. Ons vra dat die Here hom wysheid sal gee en baie duidelik sal lei presies waar en by watter politieke party hy betrokke moet raak. Bid vir die beskerming van himself en sy familie.
- Ons vra die Here vir 'n gees van gebed oor ons land in voorbereiding vir die 2019 verkiesing – op 'n skaal nog nooit voorheen gesien is met enige vorige verkiesing nie. Daarmee saam herinner en bedank ons die Here vir die antwoorde op gebed tydens die 1994 verkiesing en ons pleit by Hom om ons nog 'n keer genadig te wees.

Saterdag – Kerke

Ons Bly bid vir kerke dwarsoor ons land:

Kerklidmate:

- Vir nuwe bekerings.
- Vir geestelike groei en verdieping by bestaande lidmate

Predikers:

- Vir 'n nuwe liefde vir die Woord van die Here.
- Vir 'n dieper verhouding met die Here, dag vir dag.
- Vir 'n kragtige en groeiende gebedslewe.
- Vir “boldness” om onverskrokke die Woord, in al sy fasette, week vir week te preek.
- Vir bo-natuurlike deernis en liefde vir hulle gemeentelede.

Kweekskole, bybelskole en kolleges.

- Vir geesvervulde professors en mentors om ons jong predikers op te lei.
- Dat enige dwaalleer ontbloot en verwyder sal word.

Sondag – Families en gesinne.

- Bid vir herstel van huwelike landswyd.
 - Dat huwelike wat op die rand van egskeiding staan gered sal word. (Miskien ken jy iemand met 'n huwelik wat swaarkry – bid asb. op die naam vir daardie persone en hulle kinders, en vir redding vir die gesin)
 - Dat mans sal opstaan om hulle verantwoordelikheid as pa en geestelike leier van die gesin weer in te neem.
 - Dat ma's en pa's nie so beroeps gefokus sal word dat gesinne en veral kinders daaronder ly nie.
- Bid vir gebroke huishoudings
 - Enkel ouers - dat hulle Jesus se liefde toenemend sal ervaar, nie moedeloos sal raak nie en op God se tyd weer 'n huweliksmaat sal vind.
 - Kinders van enkel huise - dat die Here self die plek van 'n afwesige pa of ma sal inneem.
 - Ouerlose kinders - Daar is honderde duisende kinder a.g.v. VIGS en ander redes wat wees grootword.
 - Bid dat God self sal ingryp om die kindertjies genadig te wees.
 - Bid dat die kerk sal opstaan en meer en meer sy rol begin speel in die oppas van weeskinders (in lyn met die bybelse opdrag in Jak 1:27).

Ons dank elkeen wat deelneem by voorbaat vir julle gebede – ons weet dis nie tevergeefs nie!

Seën,

MPG gebed span.

